

Deputate Owerheid GKSA

anberg@absamail.co.za 082-377 1112

marcelfloor07@gmail.com 082-828 5811

17 Maart 2020

HERDELIKE BRIEF: COVID 19 VIRUS EN DIE REGERING SE MAATREËLS IN DIE VERBAND

Met die maatreëls wat President Cyril Ramaphosa Sondagaand ingestel het word elkeen van ons direk gekonfronteer oor ons lewenswyse en optrede. Vir die eerste keer in menseheugenis is daar 'n noodtoestand in ons land wat ons eredienste direk raak, met die verbod op samekoms van meer as 100 mense

Kerkrade en lidmate se verantwoordelikhied

Ons het nie deputate of ander meerdere vergaderings wat in dié opsig dwingende opdragte aan kerkrade kan uitreik nie, en **elke kerkraad moet selfstandig hieroor besluit**. Ons doen egter 'n beroep op al ons lidmate en kerkrade om hierdie saak **met groot verantwoordelikhied te hanteer**. Ons moet dit doen in gehoorsaamheid aan die owerheid (Romeine 13) ,in verantwoordelikhied as landsburgers en bowe al uit die beginsel van die liefde teenoor ons naaste. Hier is ons Belydenis in die Heidelbergse Kategismus van aktuele belang. Dit verklaar die betekenis van die 6de gebod: *Jy mag nie doodslaan nie* onder andere as: *“Ek mag myself nie moedswillig in gevaar begewe nie”* en *“ons moet alles wat ons naaste kan benadeel sover moontlik probeer voorkom”*. In die verband skryf 'n afgetrede internis van die Gereformeerde Kerk Stilbaai: *“Deur jouself op te pas, gaan mens genade aan ander mense betoon.”*

Daar is nie een bloudruk vir alle kerke in die verband nie. Elke kerkraad moet met inagneming van eie omstandighede hul verantwoordelikhied in hierdie verband nakom, binne die perke van die maatreëls wat deur die regering ingestel is. Daarom doen ons aan die hand dat kerkrade 'n kommissie aanwys wat inligting en aanbevelings aan kerkraad en gemeente kan deurgee.

Die uitdaging wat kerkrade in die gesig staar is om op verantwoordelike en vernuwende wyse weë te bedink en maatreëls in te stel sodat die Woordbediening steeds kan plaasvind, maar in gehoorsaamheid aan die owerheid en in verantwoordelikhied teenoor mekaar.

Buitengewone omstandighede en noodtoestande vra van ook van ons as kerke om die ekstra myl te loop. Daarom moet ons dink aan onder andere:

Eredienste

- Meer eredienste waarin gemeentes in kleiner groepe verdeel kan word vir bywoning. Dit kan ook oor die week versprei word.

- Moedig lidmate aan om maar bietjie verder van mekaar te sit en om liefs vir tyd en wyl die “broederlike kus” te vervang met die “Ramaphosa-elmboog”, soos op TV gedemonstreer!
- Kerkrade kan ook maksimaal van elektroniese kommunikasie soos *video* streaming van eredienste gebruik maak. In die verband kan kerkrade en lidmate met vrymoedigheid gebruik maak van GLOmedia. Dit is ‘n eie TV-platform van die GKSA en die Hervormde Kerk. Benewens ander Christelike programme word weekliks ‘n volle erediens op die internet beskikbaar gestel. Dit kos slegs R49 per maand en intekening kan geskied op die webwerf www.glomedia.tv. In Februarie byvoorbeeld is die volledige nagmaalsdiens, ook om die nagmaalstafel by Andeon opgeneem.

Ander samekomste

- Fondsinsamelingsaksies wat ‘n groot aantal mense bymekaarbring moet liefs uitgestel word.
- Kampe en toere wat ‘n aantal mense vir ‘n lang tyd in nabye kontak met mekaar bring moet ook liewer uitgestel word.
- Kerke en gemeenskappe waar lidmate in groot getalle gedurende die Lydensweek en oor die Paasaweek samekomste en eredienste bywoon, word versoek om dit hierdie jaar op te skort, tot heil van ons lidmate en die gemeenskappe waarbinne ons leef.

Ouetehuse en kinderhuse, bejaardes en kinders, ons diakens

- Dit is besonder-kwesbare terreine en diakonieë moet veral hier leiding gee dat mede-inwoners veilig gehou word.
- Hou ook in u algemene beplanning en maatreëls in gedagte dat bejaardes en kinders jonger as 4 die mees-kwesbare groepe is.
- Die Corona-virus het ‘n verwoestende uitwerking op die ekonomie. Ons versoek ons diakonieë om met ekstra waaksaamheid te let op die situasie van lidmate met bv. ‘n klein besigheid vir dag tot dag bestaan, wat nou deur die pandemie en die maatreëls daaromtrent van hul inkomste ontnem word.

Lidmate wat dalk siek mag word

Mense wat siek word mag nie in eensaamheid alleen gelaat word nie, maar moet steeds bedien word met inagneming van alle veiligheidsmaatreëls teen die oordrag van die virus.

Toerusting en korrekte inligting

- In ramptoestande soos hierdie het die kerk ‘n besondere roeping om lidmate toe te rus. In dié verband is ‘n waarlik Skriftuurlike beskouing van “*God en ons gebroke wêreld*” van besondere belang. Hier moet veral gemaak word teen uitwasse van ‘n voorspoedsgodsdienste wat leer dat rampe jou nie tref as jy met God wandel nie.
- Ons vertrou onself, ons dierbares, ons land in die gebed aan die troue sorg van die Here toe. Hy alleen kan die Corona-virus stop, maak nie saak wat ons doen nie. Hy beskik. MAAR: God se beskikking sluit ons verantwoordelikheid nie uit nie. Ons mag

nie, soos die duiwel vir Jesus probeer versoek het, van die tempel se dak afspring en ons beroep op sy bewaring en beskerming nie. Ook hier geld die beginsel: *Bid en werk*.


- In baie gemeenskappe is ons kerke die vernaamste bron van betroubare inligting aan lidmate. In die verband kan die aangewese kommissie 'n besondere rol speel.

Gebalanseerde benadering

- Ons moet hierdie situasie nugter en met die nodige ewewig benader. Lidmate moet opgeroep word tot verantwoordelike optrede, sonder om paniek te saai. Hier moet die kerke veral waarsku teen die verspreiding van interpersoonlike of elektroniese fopnuus.
- Voorkomende maatreëls is nie 'n teken van paniek nie, maar bied juis 'n omgewing vir rustigheid in die beskikkende hand van die Here.

Alle kerke en lidmate word opgeroep om in ootmoedige voorbidding hierdie saak, die regering, en almal wat daardeur geraak word aan die Here op te dra. Hier dink ons aan 1 Timotheus 2:2, waar ons opgeroep word tot voorbidding vir owerhede, sodat ons in rus en vrede kan lewe in toewyding en eerrbaarheid - en dus ook weer in rus en vrede eredienste sal kan bywoon en die owerheid nie nodig sal hê om maatreëls te tref wat dit bemoeilik nie.

Namens die deputate Skakeling met die Owerheid



.....
Ds. Cassie Aucamp (Voorsitter)



.....
Ds. Marcel Floor (Skriba)